Fokus op godsdiens Deel 1: Christendom Jesus as stigter van die Christendom; beelde van Jesus; huidige navorsing oor die 'historiese Jesus'; kernsake in die debat rondom die 'historiese Jesus'. Capita selecta van temas soos: Nuwe Testamentiese Christendom; Christelike geskiedenis in ondersoek; Christensending; Ná die Industriële Rewolusie en die Verligting; Die Christendom in 'n sekulêre era; Die opkoms van die Derde Wêreld Christendom. Deel 2: Tradisionele Afrika-godsdienstigheid Primale godsdiens en tradisionele Afrika-godsdienste; Tradisionele lewe en wêreldbeeld. Sleutelelemente soos: konsep van tyd; konsep van God; voorvaderkultus; kragdokters, genesers en kultiese leierskap; etiek: voorbeelde uit Afrika-godsdienste; San-godsdiens; Zoeloe-godsdiens; Shona-godsdiens.

Godsdiensstudies 220 (REL 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Teologie Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Deel 1: Mite, simbole en ander verskynsels Godsdiens in diakroniese en fenomenologiese perspektief; Kosmologieë en teologieë; Mite en narratief; Ritueel; Spiritualiteit; Ampte; Simboliek en kommunikasie. Die module sal primêr fokus op mitiese motiewe en gedagtepatrone in die Ou en Nuwe Testamente. Deur middel van 'n capita selecta sal die gekose tekste geanaliseer word binne die tydsraamwerk en wêreldbeskerming van hul eie oorsprong. Deel 2: Antieke godsdienste Die inhoud, aard en invloed van godsdienste in die Antieke Nabye Ooste en Mediterreense wêrelde sal bestudeer word: bv. Egipte, Kanaän, Mesopotamië, Griekeland, ens. ('n Seleksie sal elke jaar gemaak word.)

Diereverskeidenheid 161 (ZEN 161)

Modulekrediete	8.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	MLB 111 GS of TDH
Kontaktyd	Prakties tweeweekliks, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Dierkunde en Entomologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Diere-klassifikasie, filogenie, organisasie en terminologie. Evolusie van die verskillende diere-filums, morfologiese eienskappe en lewensiklusse van parasitiese en nie-parasitiese diere. Struktuur en funksie van voortplanting, respirasie, uitskeiding, bloedsomloop en verteringsisteme.

Informatika 281 (INF 281)

Modulekrediete	3.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	FRK 111, FRK 121 of FRK 100 of FRK 101
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

Rekenaarverwerking van rekeningkundige inligting.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 213 (JMB 213)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	JMB 113 en JMB 123
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Wateraktiwiteite - bemeestering en praktiese uitvoering van sekere swemstyle en reddingswemtegnieke. Motoriese vaardighede - bemeestering en praktiese ontwikkelingsgimnastiek met en sonder aanpassing by groot apparaat.

Wiskundige geletterdheid 220 (JWG 220)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	STK 113 of 123 geslaag met 40% (GS) behaal in die ander module of STK 110 of WTW 134
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Funksies, vergelykings, rye en reekse vir onderwysers:
Kombinasie van funksies; wiskundige modellering; eksponensiële funksies en hul grafieke; logaritmiese funksies en hul grafieke; eienskappe van logaritmes; eksponensiaal- en logaritmiese vergelykings; eksponensiële en logaritmiese modelle; stelsels van vergelykings en ongelykhede; rye en reekse.

Ingenieursgrafika en ontwerp 230 (JTT 230)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	MGC 110, JTT 120, WTW 134 of WTW 114 of WTW 158
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module stel studente in staat om Ingenieursgrafika en ontwerp te verstaan en in die VOO-fase aan te bied. Die fokus is op die rol van visualisering in die ontwerpproses en die visualiseringsbeginsels en -instrumente en vryhand- en instrumenttekentegnieke gekontekstualiseer vir die Departement van Onderwys se kurrikulumvereistes vir Meganiese tekeninge.

Ingenieursgrafika en ontwerp 240 (JTT 240)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	MGC 110, JTT 120, WTW 134 of WTW 114 of WTW 158
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module stel studente in staat om Ingenieursgrafika en ontwerp te verstaan en in die VOO-fase aan te bied. Die fokus is op intermediêre vryhand- en instrumenttekentegnieke gekontekstualiseeer vir die Departement van Onderwys se kurrikulumvereistes vir Isometriese tekeninge en Meganiese tekenkonvensies. Primêre- en sekondêre vervaardigingsprosesse insluitend vaste liggame. Beskrywende meetkunde. Praktiese toepassing van tegnieke.

Metodiek van Lewensoriëntering en Liggaamlike Opvoeding 201 (JML 201)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Studente word begelei om vaardighede, kennis en ingesteldhede te ontwikkel met spesifieke verwysing na die Nasionale Kurrikulum en beleidsverklaring (KABV), met Liggaamlike Opvoeding as tema van Lewensoriëntering. Die studente onderwyser word toegerus met kennis en vaardighede om Liggaamlike Opvoedings aktiwiteite te bestuur, ontwikkel en organsieer soos voorgeskryf vir die spesifieke fases. Die studente onderwysr word ook opgelei in die KABV dokument vir Lewensoriëntering, en leer hoe om lesse te beplan gebasseer op die dokument.

Afrikaans 214 (AFR 214)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	AFR 110 en AFR 120
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalkundekomponent: Morfologie, sintaksis, leksikologie en semantiek Letterkundekomponent: Afrikaanse poësie

Geskiedenis 220 (GES 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	GES 110(GS), GES 120 (GS)
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die opkoms en val van segregasie en apartheid Fokus op die oorsprong en teoretiese fondasies van die beleide van segregasie en apartheid en die verskansing daarvan in SA wetgewing. Die weerstand teen die instelling van hierdie onderskeie beleide en die daaropvolgende beëindiging van apartheid. Die impak op sosiale, kulturele en ekonomiese terrein.

Informatika 214 (INF 214)

Modulekrediete	14.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	AIM 101 of AIM 111 en AIM 121
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Databasisontwerp: die relasiemodel; gestruktureerde navraagtaal (SQL); entiteitsverwantskap modellering; normalisering; databasis ontwikkelingslewensiklus. Praktiese inleiding tot databasisontwerp. Databasisse: gevorderde entiteitsverwantskapmodellering en -normalisering; objek-geöriënteerde databasisse; databasis-ontwikkelingslewensiklus; gevorderde praktiese databasisontwerp.

Metodiek van Afrikaans 200 (JMA 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Deeglike inleidende oorsig oor die beginsels en praktyk van Afrikaansonderrig. Generiese leerinhoude ten opsigte van taalverwerwing word verbesonder deur die praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Studente behoort aan die einde van die module tersaaklike tekste te kan gebruik om voorbeeldlesse uit te werk.

Ondernemingsbestuur 220 (OBS 220)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud
Projekbestuur: Inleiding. Konsepte van projekbestuur; behoefte-identifisering; die projek, projekbestuurder en projekspan; soorte projekorganisasies; projekkommunikasie en -dokumentasie. Beplanning en beheer: beplanning, skedulering en skedulebeheer van projekte; hulpbronoorwegings en toedeling; kostebeplanning en prestasie-evaluering.

Metodiek van Fisiese wetenskappe 209 (JMN 209)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Analise van die kurrikulum en beleidsdokumente vir Fisiese wetenskappe. Lesontwerp en toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Fisiese wetenskappe.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 212 (JMB 212)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	JMB 112 en JMB 122
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Rekreasiekunde - terreinafbakening en terminologie. Die belangrikheid en ontwikkeling van waardes rondom sinvolle vryetydsbesteding in die moderne samelewing. Die belangrikheid van leiding as 'n bestuursfunksie in Sportbestuur word beklemtoon. Spesiale verwysing na kommunikasie, leierskap en motivering.

Rekenaartoepassingstegnologie 240 (RTT 240)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	COS 151 en INF 112, INF 154, INF 164 en INF 171
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Oorsig oor stelselinfrastruktuur en integrering.

Plantbiologie 161 (BOT 161)

Modulekrediete	8.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	MLB 111 GS
Kontaktyd	Prakties tweeweekliks, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Plant- en Grondwetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Basiese struktuur en funksie van plante; inleidende planttaksonomie en plantsistematiek; beginsels van plantmolekulêre biologie en biotegnologie; aanpassings van plante by stres; medisinale verbindings van plante, basiese beginsels van plantekologie en die toepassing daarvan by natuurlikehulpbronbestuur.

Ekonomie 214 (EKN 214)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	EKN 110 GS en EKN 120 of EKN 113 GS en EKN 123 en STK 110 GS en STK 120 GS
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Makro-ekonomie Vanaf Wall en Bay Street tot Diagonal Street : 'n deeglike begrip van die meganisme en teorieë wat die funksionering van die ekonomie verduidelik, is onontbeerlik. Makro-ekonomiese insig in die reële mark, die geldmark, tweemarkewewig, monetarisme, groeiteorieë, konjuktuuranalise, inflasie, Keynesiaanse algemene ewewigsanalise, fiskale en monetêre beleidsaangeleenthede.

Geskiedenis 210 (GES 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	GES 120(GS)
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Historiese en Erfenisstudies

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Temas uit Afrikageskiedenis 'n Seleksie van temas uit die geskiedenis van Afrika en haar mense gedurende pre-koloniale, koloniale en postkoloniale tye, met die fokus op sosiale, politieke en ekonomiese kragte wat die historiese ervaring van Afrika help vorm het.

Informatika 225 (INF 225)

Modulekrediete	14.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	INF 164 en INF 171; AIM 101 of AIM 102 of AIM 111 en AIM 121
Kontaktyd	1 lesing per week, 3 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

'n Oorsig van stelselinfrastruktuur en -integrering.

Kunsopvoeding 201 (JKU 201)

Modulekrediete	20.00
Kontaktyd	4 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module stel die studente in staat om hulle eie kreatiewe idees en denke deur middel van verskeie kunsmedia, tegnieke en prosesse te ontwikkel. Klem word geplaas op teoretiese en praktiese komponente soos kunswaardering, beginsels en elemente van kuns, kunsprogramme en die kritiese evaluering van die kreatiewe proses. 'n Dieper analise, interpretasie en toepassing van struktuur, vorm, komposisie, tekstuur, ruimtelike verhoudings en kleurmanipulasie word ondersoek.

Sepedi 220 (SEP 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 210
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sepedi - kommunikasie, grammatika, lees en skryf. Die verdere verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word nog verder verhoog. Voortsetting van die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om idees en informasie oor te dra vir ‘n verskeidenheid kommunikatiewe doeleindes. Inleiding tot die Sepedi klankleer / fonetiek. Lees en begrip van tekste wat ‘n meer uitgebreide woordeskat en groter verskeidenheid taalstrukture bevat. Die lees van verdere literêre werke.

Setswana 220 (STW 220)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	STW 210
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Setswana – kommunikasie, grammatika, lees en skryf
Die verdere verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word nog verder verhoog. Voortsetting van die skryf van samehangende,
idiomatiese en grammaties korrekte tekste om idees en informasie oor te dra vir ’n verskeidenheid kommunikatiewe doeleindes. Inleiding tot die Setswana-klankleer/fonetiek. Lees en begrip van tekste wat ’n meer uitgebreide woordeskat en groter verskeidenheid taalstrukture bevat. Die lees van verdere literêre werke.

Metodiek van Ekonomie 201 (JMD 201)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente vir Ekonomie. Lesontwerp in Ekonomie. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Ekonomie.

Metodiek van Besigheidstudies 205 (JMD 205)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente vir Besigheidstudies. Lesontwerp in Besigheidstudies. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Besigheidstudies.

Metodiek van Geografie 200 (JMG 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

‘n Intensiewe studie van die 2012 Kurrikulum en Assesseringsbeleidsdokument (“CAPS”) met betrekking tot die onderrig van Geografie aan leerders in die VOO, Senior en Intermediêre Leerfases. Die volgende aspekte word aangespreek: Die lang-, medium- en korttermynbeplanning van leerderaktiwiteite, die ontwerp van sinvolle leeraktiwiteite, assessering, die effektiewie gebruik van onderrigmedia asook die voorbereiding en aanbieding van mini-lesse met ‘n duur van 18 minute.

Afrikatale letterkunde: Capita selecta 220 (AFT 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	NDE 210/SEP 211/ZUL 211/STW 211
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels en Afrikatale aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Aspekte van die letterkunde van isiNdebele/isiZulu/Sepedi/Setswana soos die voortsetting van die studie van konsepte soos teks, onderwerp, karakters, gebeure, tyd en plek; die studie van intrige en styl; die kritiese ontleding van ‘n roman/novelle.

Wiskunde 124 (WTW 124)

Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	WTW 114
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wiskunde en Toegepaste Wisk
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Studente sal nie vir meer as een van die volgende modules krediet ontvang vir hul graad nie: WTW 124, WTW 146, WTW 148 and WTW 164. Hierdie module dien as voorbereiding vir studente met Wiskunde as hoofvak (ingesluit alle student wat beplan om te skryf vir WTW 218, WTW 211 en WTW 220).

Die vektorruimte Rn, vektoralgebra met toepassings op lyne en vlakke, matriksalgebra, stelsels van lineêre vergelykings, determinante, Komplekse getalle en faktorisering van polinome. Integrasietegnieke en toepassings van integrasie. Die formele definisie van ’n limiet. Die hoofstelling van Calculus en toepassings. Vektorfunksies, poolvergelykings en kwadratiese krommes.

Voorligting en berading 220 (JVB 220)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Vanuit ‘n sistematiese en bate-gebaseerde benadering poog JVB 220 om onderwysstudente toe te rus met kennis en vaardighede om leerders in die grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderwys en opleiding fases wat die volgende hindernisse tot leer en optimale deelname in die klas beleef, te sif, identifiseer, assesseer en ondersteun: disleksie, epilepsie, outisme spektrum versteurings, aandag tekort hiperaktiwiteit versteuring (ATHV), tweede taal leer, en die behoefte aan aanvullende en alternatiewe kommunikasie. Onderwysstudente sal ook toegerus word met kennis en vaardighede om die ouers van sodanige leerders in te lig en aan hulle riglyne te verskaf om hulle kinders te ondersteun, insluitende basiese loopbaanvoorligting. Onderwysstudente sal dus blootgestel word aan die wyse waarop kontekstuele psigo-sosiale sorg en ondersteuning geïmplementeer kan word in skole, deur die benutting en mobilisering van bestaande bates in die klaskamer, skool en skool-gemeenskap.

Organiese chemie 284 (CMY 284)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	CMY 117 en CMY127
Kontaktyd	4 lesings per week, 1 tutoriaal per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Chemie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Teorie: Resonans, konjugasie en aromatisiteit. Sure en basisse.Inleiding tot ^{13}C KMR spektroskopie. Elektrofiele addisie: alkene. Nukleofiele substitusie, eliminasie, addisie: alkielhaliede, alkohole, eters, epoksiede, karbonielverbindings: ketone, aldehiede, karboksielsure en hul derivate.

Anorganiese chemie 285 (CMY 285)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	CMY 117 en CMY 127
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 1 tutoriaal per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Chemie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

Teorie: Atoomstruktuur, struktuur van vastestowwe (ioniese model). Koördinasiechemie van oorgangsmetale: Oksidasietoestande van oorgangsmetale, ligande, stereochemie, kristalveld-teorie, gevolge van d-orbitaalsplitsing, chemie van die hoofgroepelemente, elektrochemiese eienskappe van oorgangsmetale in waterige oplossing, industriële toepassings van oorgangs-metale. Basiese beginsels van spektroskopie en inleiding tot IR-spektroskopie.

Finansiële rekeningkunde 211 (FRK 211)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	FRK 111 en FRK 121 of FRK 100/101
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Rekeningkunde

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Voorbereiding en aanbieding van maatskappy finansiële jaarstate in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet, die Raamwerk en Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk in verband met die volgende: aanbieding van finansiële state; inkomste; voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates; gebeure na die balansstaatdatum; voorraad; inkomstebelasting; hure; eiendom, aanleg en toerusting; waardedaling van bates; ontasbare bates; beleggingseiendom; veranderinge in rekeningkundige ramings en foute; inleiding tot finansiële instrumente.

Finansiële rekeningkunde 221 (FRK 221)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	FRK 211 GS
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Rekeningkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Voorbereiding en aanbieding van maatskappy finansiële jaarstate in ooreenstemming met die vereistes van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk in verband met die volgende: werknemervoordele; die uitwerking van veranderinge in wisselkoerse; rekeningkundige beleide; beleidverdienste per aandeel; kontantvloeistate; belange in gesamentlike ondernemings. Takrekeningkunde. Inleiding tot konsolidasies, insluitend basiese konsolidasietegnieke vir beide volfiliale en filiale wat gedeeltelik besit word. Inleiding tot owerheidsrekeningkunde.

Lewensoriëntering 220 (JLO 220)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die mens in die wêreld. Diversiteit, waardes en beginsels. Vraagstukke van diskriminasie, ras, geloof, kultuur, geslag, ouderdom, vermoëns. Kontemporêre sake in ons klaskamers, individuele en sistemiese perspektiewe. Ondersteuning vir sake soos MIV/vigs. Veilige skole. Geweld in skole. Misdaad. Emosionele probleme. Voorkoming van afwykende sosiale (maatskaplike) gedrag.

Metodiek van Toerisme 206 (JMD 206)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Lesontwerp in Toerisme. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Toerisme.

Rekenaartoepassingstegnologie 23 (RTT 230)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	COS 151 en INF 112, INF 154, INF 164 en INF 171
Kontaktyd	3 praktiese sessies per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Rekenaartoepassings: Sleutelbordvaardighede, spoed en -akkuraatheid. Kommersiële en oopbron geïntegreerde kantoorpakette, Teksdokumente, Sigblaaie, grafieke en diagramme, dokumentsaamvoeging. Makro's. Rekenaargesteunde leer: Rekenaartegnologie in onderwys. Tegnologie-integrasie en die leerproses. Voorbeelde van sagteware wat leer vanaf grondslagfase tot hoërskool ondersteun.

Vektoranalise 248 (WTW 248)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	WTW 218
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wiskunde en Toegepaste Wisk
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Vektore en meetkunde, Calculus van vektorfunksies met toepassings in differensiaal-meetkunde, kinematika en dinamika. Vektoranalise, insluitend vektorvelde, lynintegrale van skalaarvelde en vektorvelde, konserwatiewe vektorvelde, oppervlakke en oppervlakintegrale, die stellings van Green, Gauss en Stokes met toepassings.

Sepedi grammatika - Capita selecta 211 (SEP 211)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 111, AFT 121
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Sepedi aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van Sepedi soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; die struktuur, betekenis en gebruik van die voornaamwoord en die enumeratief; ‘n inleiding tot die Sepedi-klankleer/fonetiek.

Ekonomie 234 (EKN 234)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	EKN 214, STK 120
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Makro-ekonomie

Toepassing van die beginsels geleer in EKN 214 op die wêreld waarin ons leef. Ons pas die teorie toe op internasionale marke en dinamiese makro-ekonomiese modelle, terwyl ons die student blootstel aan die makro-ekonomiese beleidsvraagstukke van die dag. Ons kyk ook na die jongste makro-ekonomiese navorsingsvraagstukke in die wêreld. Die kursus sluit onderwerpe in van die wiskundige en ekonometriese ontleding van makro-ekonomiese vraagstukke.

Fisiese chemie 282 (CMY 282)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	CMY 117 en CMY 127
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 2 praktiese sessies per week, 4 lesings per week

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Chemie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

Teorie: Klassieke chemiese termodinamika, gasse, eerste en tweede wet en toepassings, fisiese veranderinge van suiwer stowwe en eenvoudige mengsels. Fasereël: Chemiese reaksies, chemiese kinetika, reaksietempo's.

Metodiek: Rekenaartoepassingstegnologie 200 (JMI 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Studente dek aspekte van rekenaarondersteuning vir leer, soos die evolusie van rekenaars en digitale media, rekenarisering in die digitale era, die WWW en die internet, sagteware vir besigheids- en persoonlike gebruik, beplanning van tegnologie-integrasie in die leerproses, instruksionele modelle, leerbeheersisteme, die evaluering van opvoedkundige tegnologie, evaluering van die effektiwiteit van tegnologie-integrasie, die vind van fondse om tegnologie-integrasie te ondersteun, rekenaarsekuriteit, internet- en mobile etiek, opkomende tegnologieë.

Metodiek van Musiekopvoeding 200 (JMM 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

‘n Holistiese benadering tot Musiekopvoeding as deel van die vak Kreatiewe Kunste word gevolg met die insluiting van die integrasie van die verskillende kunsvorme. Die fokus van die module is aktiewe deelname aan musiekmaak (musiekaktiwiteite) wat geleentheid bied vir die ontwikkeling van musiekvaardighede sowel as teoretiese kennis (musiekbegrippe). Die skoolgebaseerde aktiwiteite bied geleentheid vir praktiese ervaring.

Metodiek van Wiskunde 200 (JMW 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die volgende is van toepassing op die Senior fase wiskunde en VOO fase wiskunde: Analise van die kurrikulum en beleidsdokumente. Lesontwerp. Toepassing van tegnologie en media in wiskunde onderrig.

IsiNdebele 210 (NDE 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	AFT 110 en NDE 120
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in IsiNdebele aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van isiNdebele soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; die struktuur, betekenis en gebruik van die voornaamwoord en die enumeratief; ‘n inleiding tot die isiNdebele-klankleer/fonetiek.

Ondernemingsbestuur 210 (OBS 210)

Modulekrediete	16.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	OBS 114 of 124 met toelating tot die eksamen in die ander
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Logistieke bestuur Die rol van logistiek in 'n onderneming; omskrywing en omvang van klantediens; elektroniese en ander logistieke inligtingstelsels; voorraadbestuur en materiaalbestuur met besondere verwysing na Japannese stelsels; bestuur van die voorsieningsketting. Vervoermetodes en vervoerkoste; soorte opberging en die koste daarvan; elektroniese hulpmiddels by materiaalhantering; koste en prysbepaling by aankope; organisering vir logistieke bestuur en metodes om logistieke werkverrigting te verbeter.

Sepedi 210 (SEP 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 110, SEP 120
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Sepedi - kommunikasie en grammatika Die verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Sepedi - lees en skryf Die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om bepaalde idees en informasie oor te dra vir ‘n aantal geselekteerde kommunikatiewe doeleindes. Skryfwerk sluit sowel kreatiewe as reproduktiewe skryfaktiwiteite in. Lees en begrip van tekste wat ‘n redelik uitgebreide woordeskat en redelik groot verskeidenheid taalstrukture bevat. ‘n Aanvang word gemaak met die lees van relatief eenvoudige literêre werke. Studente word ook verder opgelei in die gebruik van die woordeboek.

Analise 220 (WTW 220)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Voorvereistes	WTW 114 en WTW 124
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wiskunde en Toegepaste Wisk
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Eienskappe van reële getalle. Analise van rye en reekse reële getalle. Magreekse en konvergensiestellings. Die Bolzano-Weierstrass-stelling. Die tussenwaardestelling Analise van reëelwaardige funksies op 'n interval. Die Riemann-integraal: Bestaan en eienskappe van die integraal

Golwe, termodinamika en moderne fisika 255 (PHY 255)

Modulekrediete	24.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	[PHY114 en PHY124] of [PHY171] of [PHY143 en PHY153 en PHY163] en [WTW211#] en [WTW218#]
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week

Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Fisika
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Vibrerende sisteme en golwe (14 lesings)
Eenvoudige harmoniese beweging (EHB). Superposisie (verskillende frekwensies, gelyke frekwensies). Loodregte vibrasies (Lissajousfigure). Gedempte EHB. Gedwonge ossillasies. Resonansie. Q-waarde. Transversale golfbeweging.
Vlakgolfoplossing met die skeiding van veranderlikes-metode. Weerkaatsing en deurlating by ’n grensvlak. Normale en eiemodes. Golfpakkies. Groepsnelheid.
Moderne fisika (30 lesings)
Spesiale relatiwiteit: Galileo- en Lorentz-transformasies. Postulate. Momentum en energie. 4-vektore en tensors. Algemene relatiwiteit. Kwantumfisika. Faling van klassieke fisika. Bohrmodel. Golf-deeltjiedualisme. Schrödingervergelyking. Deelsgewyse konstante potensiale. Tonnelling. X-strale. Laser. Kernfisika. Kernsplyting. Kernsamestelling. Radioaktiwiteit
Warmte en termodinamika (12 lesings)
Warmte. Eerste Wet. Kinetiese gasteorie. Gemiddelde vrye padlengte. Ideale, Clausius-, Van der Waals- en viriaalgasse. Entropie. Tweede Wet. Enjins en yskaste. Derde Wet. Termodinamiese potensiale: Entalpie, Helmholtz en Gibbs vrye energieë, Chemiese potensiaal. Legendre-transformasies (Maxwell-relasies). Fase ekwilibrium. Gibbs se fasereël.
Modellering en simulasies (7 praktiese sessies)
Inleiding tot programmering in ’n hoëvlakstelsel: Konsep van ’n algoritme en die basiese logika van ’n rekenaarprogram. Simboliese manipulasies, grafika, numeriese berekeninge. Toepassings: Selektiewe en verduidelikende voorbeelde.
Foutanalise (7 praktiese sessies)
Eksperimentele onsekerhede, voortplanting van foute, statistiese analise van ewekansige onsekerhede, normaalverdeling, verwerping van data, kleinste kwadraattoepassing, kovariansie en korrelasie

Stedelike struktuur, omgewing en samelewing 266 (GGY 266)

Modulekrediete	24.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Geografie, Geoinf en Meteor
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

‘n Verstedelikende wêreld. Stedelike struktuur en grondgebruike. Stedelike prosesse. Die stedelike omgewing. Sosiale struktuur en verandering in stede. Leefstyl in stede. Ekonomie, samelewing en politiek in stede. Derde-wêreld stede en Suid-Afrikaanse stede. Toekoms van stede.

Wiskundige geletterdheid 210 (JWG 210)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	STK 113 of 123 geslaag met 'n GS (40%) behaal in die ander module of STK 110 of WTW 134
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Funksies en grafieke vir onderwysers:
Funksies; grafieke van funksies;transformasies van funksies;inverse funksies; polinoom funksies; polinoom en sintetiese deling; komplekse getalle; nulpunte van polinoom funksies; rasionale funksies; ongelykhede; wiskundige modellering.

IsiZulu grammatika - Capita selecta 211 (ZUL 211)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZUL 111, AFT 121
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in isiZulu aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van isiZulu soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; die struktuur, betekenis en gebruik van die voornaamwoord en die enumeratief; ‘n inleiding tot die isiZulu-klankleer/fonetiek.

Ontwerp en tegnologie 240 (JOT 240)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	JWT 115 of JWT 125
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module ontwikkel begrip van die verband tussen tegnologie, wetenskap, samelewing en omgewing. Dit lei studente om die unieke aard van die ontwerpproses te verstaan. Twee kennisvelde, naamlik strukture en beheerstelsels, word aangespreek.

Modern English literature and English studies 210 (ENG 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ENG 110, ENG 120
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Engels
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

*Alternative evening classes - 3 discussion classes per week
Modern English literature and English language studies
This module focuses on post-nineteenth century literature in English as well as on historical and theoretical aspects of the English language.

Kunsopvoeding 200 (JKG 200)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Geskiedenis van kunsopvoeding soos bepaal in die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklaring (KABV) word ondersoek. Klem word op Europese en Suid Afrikaanse kunsbewegings geplaas. Belangrike kunstenaars en kunswerke van hierdie tydperke word binne konteks beklemtoon en bespreek. Evaluerings en besprekings vind plaas, sowel as die interpretering en analise van kunswerke.

Metodiek van Kunsopvoeding 201 (JMK 201)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week

Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module verskaf 'n oorsig van die leerinhoud vir visuele kuns met spesifieke fokus op praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklaring (KABV). Klem word geplaas op die bereiking van die voorgeskrewe uitkomste en kennis van die ontwikkelingsfases van kinders se kuns in die verskillende fases.

Musiekopvoeding 201 (JMO 201)

Modulekrediete	8.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Om te bou op die kennis van musiekteorie van die vorige jaar ten einde studente toe rus met die kennis wat vir die modules vir die daaropvolgende jare vereis word.

Setswana 210 (STW 210)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	STW 110, STW 120
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Setswana – kommunikasie en grammatika
Die verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog.
Setswana – lees en skryf
Die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om bepaalde idees en informasie oor te dra vir ’n aantal geselekteerde kommunikatiewe doeleindes. Skryfwerk sluit sowel kreatiewe as reproduktiewe skryfaktiwiteite in. Lees en begrip van tekste wat ’n redelik
uitgebreide woordeskat en redelik groot verskeidenheid taalstrukture bevat. ’n Aanvang word gemaak met die lees van relatief eenvoudige literêre werke. Studente word ook verder opgelei
in die gebruik van die woordeboek.

isiZulu 210 (ZUL 210)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZUL 110, ZUL120
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

isiZulu - kommunikasie en grammatika Die verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. isiZulu - lees en skryf Die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om bepaalde idees en informasie oor te dra vir ‘n aantal geselekteerde kommunikatiewe doeleindes. Skryfwerk sluit sowel kreatiewe as reproduktiewe skryfaktiwiteite in. Lees en begrip van tekste wat ‘n redelik uitgebreide woordeskat en redelik groot verskeidenheid taalstrukture bevat. ‘n Aanvang word gemaak met die lees van relatief eenvoudige literêre werke. Studente word ook verder opgelei in die gebruik van die woordeboek.

Metodiek van Natuurwetenskap 204 (JMN 204)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Analise van die kurrikulum en beleidsdokumente vir Natuurwetenskap. Lesontwerp in Natuurwetendskap. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Natuurwetenskap.

Metodiek van Lewenswetenskappe 208 (JMN 208)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud
Analise en van die kurrikulum en beleidsdokumente vir Lewenswetenskappe. Lesontwerp en toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Lewenswetenskappe.

isiZulu 220 (ZUL 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZUL 210
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

isiZulu - kommunikasie, grammatika, lees en skryf Die verdere verwerwing van gevorderde kommunikasievaardighede binne verdere sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Meer uitgebreide woordeskat en gevorderde taalstrukture word aangeleer en gebruik. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word nog verder verhoog. Voortsetting van die skryf van samehangende, idiomatiese en grammaties korrekte tekste om idees en informasie oor te dra vir ‘n verskeidenheid kommunikatiewe doeleindes. Inleiding tot die isiZulu- klankleer/fonetiek. Lees en begrip van tekste wat ‘n meer uitgebreide woordeskat en groter verskeidenheid taalstrukture bevat. Die lees van verdere literêre werke.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 223 (JMB 223)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	JMB 113 en JMB123
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Dames - dans: bemeestering en praktiese vaardighede rondom dansontwerp en kreatiewe dans. Mans - sokker: bemeestering van basiese sokkervaardighede en -tegnieke. Atletiek: velditems

Setswana-grammatika – Capita selecta 211 (STW 211)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	AFT 121, STW 111
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Setswana aangebied

Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van Setswana soos ’n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; die struktuur, betekenis en gebruik van die voornaamwoord en die enumeratief; ’n inleiding tot die Setswana-klankleer/fonetiek.

English 220 (ENG 220)

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ENG 110, ENG 120
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Engels
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

*Alternative evening classes - 3 discussion classes per week
Twentieth-century, postcolonial and contemporary literature
This module focuses on post-nineteenth century literature in English. Various genres are covered and particular attention is given to postcolonial writing.

Prosesgeomorfologie 252 (GGY 252)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	GGY 166 of GLY 155
Kontaktyd	4 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Geografie, Geoinf en Meteor
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

Fisiese prosesse wat die aardoppervlak en die bestuur daarvan beïnvloed. Spesifieke prosesse en hul interaksie in temas soos verwering, gronderosie, massabewegingsprosesse en fluviale prosesse. Praktiese laboratorium oefeninge sal gebaseer word op die temas wat tydens die teorie komponent behandel sal word

Methodology of English 200 (JME 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

This module introduces the principles and practice of teaching and learning English as a home or an additional language. A theoretical underpinning strengthens students' understanding of language development. Students are also guided in the theory of instructional design as they practise planning, designing and presenting optimal learning opportunities. Students are familiarised with the principles contained in the NCS and CAPS.

Metodiek van Godsdiensstudies 200 (JMF 200)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Deeglike oorsig van die leerinhoud met spesifieke fokus op praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Klem word gelê op die bereiking van die voorgeskrewe leeruitkomste.

Metodiek van Rekeningkunde 203 (JMD 203)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente vir Rekeningkunde. Lesontwerp in Rekeningkunde. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Rekeningkunde.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 222 (JMB 222)

Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	JMB 112 en JMB 122
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Sportbeserings en houdingsafwykings - terreinafbakening en terminologie. Algemene beginsels rondom die voorkoming en noodbehandeling van sportbeserings. Houdingsontwikkeling en die invloed van korrekte gewoontes vir 'n goeie houding. Identifisering en patalogie van spesifieke afwykings. 'n Teoreties-praktiese perspektief op kontrole as die finale fase van die bestuursproses in sport om sodoende die sukses van die bestuursproses te verseker.

Metodiek van isiZulu 200 (JZL 200)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om leerders te help om vaardighede te ontwikkel om so doeltreffend moontlik op 'n meer akademiese vlak in isiZulu te kommunikeer. Studente leer om benaderings tot leer en onderrig met mekaar te vergelyk; konsepte wat in UGO, die NKV en die KABV gebruik word te identifiseer en te onderskei; leer?en-onderrigmetodologieë en -tegnieke wat in die KABV vervat is op integrerende wyse te gebruik om lesse te beplan en voor te berei ten einde UGO te implementeer; KABV-assesseringmetodes, -instrumente en -tegnieke in assessering aan te wend.

Metodiek van IsiNdebele 200 (JND 200)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om leerders in staat te stel om so effektief moontlik op 'n meer akademiese vlak in isiNdebele te kommunikeer en die taal te onderrig. Die module bied 'n volledige oorsig van die leerinhoud met spesifieke fokus op praktiese toepassing soos dit in die Nasionale Kurrikulumverklaring voorgeskryf word.

Metodiek van Sepedi 200 (JSP 200)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om vaardighede te ontwikkel wat leerders in staat sal stel om so effektief moontlik op 'n meer akademiese vlak in Sepedi te kommunikeer. Studente leer om benaderings tot leer en onderrig met mekaar te vergelyk; konsepte wat in UGO, die NKV en die KABV gebruik word te identifiseer en te onderskei; leer-en-onderrigmetodologieë en -tegnieke wat in die KABV vervat is op integrerende wyse te gebruik om lesse te beplan en voor te berei ten einde UGO te implementeer; NKV- en KABV-assesseringmetodes, -instrumente en -tegnieke in assessering aan te wend.

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 170

Kernmodules

Geletterdhede vir die onderwys 300 (JLZ 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	JLZ 110 en JLZ 120 OF JLZ 111 en JLZ 121 OF JLZ 100 OF JLZ 101
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module poog om die student toe te rus met die noodsaaklike kommunikatiewe en klaskamergeletterdhede om as 'n professionele persoon in die onderwysberoep suksesvol te kan wees. Studente sal bewys lewer daarvan dat hulle die teoretiese grondslag sowel as die implementeringsstrategieë ten opsigte van gesproke en geskrewe kommunikasie binne 'n opvoedkundige konteks verstaan. Die ontwikkeling van 'n kritiese bewuswording van taal as 'n subjektiewe, nie-neutrale instrument van kennisoordrag sal ook ingeskerp word. 'n Oorsig van die linguistiese diversiteit in die meeste Suid Afrikaanse klaskamers sal die voornemende onderwyser bemagtig met 'n strategie om effektief met multitaligheid in 'n kultureel-diverse opvoedkundige omgewing om te gaan. Studente sal ook hul persoonlike taalprofiel verbeter deur kennis van toepaslike woorde en frases in 'n Afrikataal te verwerf met die oog op klaskamerfasilitering en -bestuur.

Praktiese onderwys 380 (PRO 380)

Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 weke, slegs bywoning
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Hierdie is ‘n voltydse module, waartydens studente blootgestel word aan die professionele skoolomgewing onder toesig van ‘n mentoronderwyser vir ‘n periode van drie weke aan die begin van die skooljaar. Die fokus is op algemene klaskamerpraktyk, skooladministrasie, buitemuurse - aktiwiteite en die optrede as verantwoordelike gemeenskapsburgers in die skoolomgewing. Die studente moet ook ‘n professionele portefeulje saamstel en ‘n vasgestelde aantal lesse voorberei en fasiliteer wat deur die betrokke skool geassesseer sal word. Plasings vir die module kan in skole buite die Pretoria omgewing geskied.

Opvoedkunde 322 (OPV 322)

Modulekrediete	30.00

Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module handel oor die inhoud en die toepassing van die Handves van Menseregte in die daarstelling van veilige en gedissiplineerde klaskamers. Die tweede tema handel oor klaskamerbestuur deur die stigting van verhoudings, deelnemende besluitneming, effektiewe beplanning en monitering, motivering en kommunikasie.

Opvoedkunde 312 (OPV 312)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	OPV 112 of 122 geslaag met 40% (GS) in die ander module
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Om insig te verkry van die globale konteks van die klaskamer, leerders en idees wat onderrig word, asook die plaaslike wêreld en land waarin die klaskamer, leerders en skool geleë is. Diversiteit en sosiale geregverdigheid en die belangrikheid daarvan in die plaaslike en internasionale konteks, asook die belangrikheid daarvan vir onderrig en leer word ondersoek. Deur individuele - en groepsopdragte, word studente ingelig om die ooreenstemmende temas van globalisering, die plek van die nasionale staat en die plek daarvan in die streeks- en globale wêreld, en die rol van tegnologie en die media in die globalisering van opvoedkunde, te verstaan. Belangrike sosiale, politieke, historiese en ekonomiese faktore wat die klaskamer beinvloed, word ook ondersoek. Studente versamel, organsieer en evalueer inligting krities, waardeer die waarde van diversiteit in verskeie sosiale kontekste; gebruik probleemoplossingsvaardighede vir leeropdragte, en kommunikeer effektiewe idees in groepsopdragte.

Keusemodules

Metodiek van Natuurwetenskap 304 (JMN 304)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding en beginsels wat spesifiek van toepassing is op die gebied van Natuurwetenskap onderrig in Suid-Afrika; Beste praktyke, instruksionele ontwerp, assessering, en reflektiewe praktyk in Natuurwetenskap onderwys.

Musiekopvoeding 302 (JMO 302)

Modulekrediete	10.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module bied verdere ontwikkeling in die tegniese aspekte en musiekontwikkeling met die fokus op instrumentale spel en vokale voordrag. Begeleiding en voordragkomposisies word op ‘n meer gevorderde vlak aangebied.

Sepedi 310 (SEP 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	SEP 210, SEP 220 word vereis vir studente wat SEP 110, SEP 120 op jaarvlak 1 voltooi het en SEP 211, AFT 220 word vereis vir studente wat SEP 111, AFT 121 op jaarvlak 1 voltooi het
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Sepedi-grammatika - Capita selecta Aspekte van die grammatika van Sepedi soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ‘n inleiding tot die klankveranderinge / fonologie van Sepedi. Die verwerwing, inoefening en inskerping van gevorderde kommunikatiewe vaardighede binne ‘n groter aantal sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Woordeskat en die aanleer en gebruik van gevorderde taalstrukture word verder uitgebrei. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Aandag word ook aan kulturele verskynsels gegee.

Ontwerp en tegnologie 330 (JOT 330)

Modulekrediete	20.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module ontwikkel 'n begrip van die unieke aard van Ontwerp en tegnologie en die ontwerpproses. Visualisering beginsels en vrye hand teken- en instrument tekentegnieke word aangespreek. Twee kennis areas, naamlik verwerking en strukture sal gedek word.

Afrikaans 311 (AFR 311)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	AFR 214 en AFR 220
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalkundekomponent Capita selecta uit die Afrikaanse taalkunde Letterkundekomponent Afrikaanse prosa

Plantfisiologie en -biotegnologie 261 (BOT 261)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	BOT 161, CMY 117 en CMY 127 of TDH
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Plant- en Grondwetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Stikstofmetabolisme in plante; stikstofbinding in landbou; sekondêre metabolisme in plante en natuurlike produkte; fotosintese en koolhidraatmetabolisme in plante; toepassings ten opsigte van sonligenergie; plantegroeiregulering en die Groen Revolusie; reaksies van plante teenoor die omgewing; ontwikkeling van plante met weerstand teen droogte en siektes.

Metodiek van Afrikaans 300 (JMA 300)

Modulekrediete	12.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die module bemagtig die student om die verskillende taalvaardighede in al die onderrigfases te kan beplan, aanbied en assesseer. Hierdie module gaan in detail op die onderrig van elk van die taalvaardighede in. Studente behoort ook na afloop van hierdie studie-eenheid in staat te wees om die verskillende taalvaardighede te kan integreer met die spesifieke genres (bv. Poësie, Prosa, Drama en Taal).

Metodiek: Toerisme 306 (JMD 306)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding en beginsels wat spesifiek van toepassing is op die gebied van Toerisme onderrig in Suid-Afrika; Beste praktyke, instruksionele ontwerp, assessering, en reflektiewe praktyk in Toerisme onderwys.

Musiekopvoeding 303 (JMO 303)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Om studente met die nodige kennis toe te rus om die beginsels van Musiekopvoeding in die praktyk toe te pas wat hulle in staat sal stel om Musiekopvoeding as deel van die vak Kreatiewe Kunste vanaf Graad 4 tot 9 aan te bied. Die inhoud van die module is ‘n voorsetting van die kennis (musiekbegrippe) en vaardighede (musiekaktiwiteite) wat in die vorige verwante modules aangebied is.

Musiekopvoeding 304 (JMO 304)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week

Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Om studente met die nodige kennis, vaardighede, waardes en houdings toe te rus wat in die praktyk toegepas en ontwikkel word ten einde die inherente musikaliteit van alle leerders te versterk. Die klem is op die teoretiese en praktiese aspekte van koorleiding en ander voordragaktiwiteite.

Wiskundige geletterdheid 320 (JWG 320)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	JWG 220
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Meetkunde en toepassings vir onderwysers: Volume en buite-oppervlakte; veelhoeke en hul eienskappe; analitiese meetkunde; transformasie meetkunde; sirkel meetkunde, bewyse; aksiomatiese stelsels; toepassings en modellering.

Rekenaartoepassingstegnologie 330 (RTT 330)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	RTT 230
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Geïntegreerde produktiwiteitspakette, gevorderde komponente: aanbiedings- en grafiese komponente, sigblad pakette. databasiskonsepte, tabelle en verwantskappe, vorms, verslae. Oopbronkode bedryf- en netwerkstelsels, installering en instandhouding.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 313 (JMB 313)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	JMB 213 en JMB 223
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Gimnastiek. Massasport: die organisering en aanbieding daarvan. Dans vir dames wat fokus op kulturele dans. Krieket vir mans wat fokus op basiese krieketvaardighede en krieket as sport.

English education 361 (JEN 361)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

This module serves as an advanced study of a selection of English dramas, novels and poetry, as dealt with in their elective, and endeavours to enhance the students' skills in the critical reading of a variety of literary genres. Students are required to display critical reading and academic writing skills in English in order to understand and appreciate the complexity and value of the selected genres. The teaching and learning will have as its focus the specific application of the selected literary genres to the teaching thereof. How to approach a play, novel or poem, and how to teach the relevant components in the various phases and grades will be dealt with.

Metodiek van IsiNdebele 300 (JND 300)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module, wat op JND 200 volg, is om studente te lei om verdere vaardighede te ontwikkel om so doeltreffend moontlik op 'n meer akademiese vlak in isiNdebele te kommunikeer. Studente leer om benaderings tot leer en onderrig met mekaar te vergelyk; konsepte wat in UGO, die NKV en die KABV gebruik word te identifiseer en te onderskei; leer-en-onderrigmetodologieë en -tegnieke wat in die KABV vervat is op integrerende wyse te gebruik om lesse te beplan en voor te berei ten einde UGO te implementeer; NKV- en KABV-assesseringmetodes, -instrumente en -tegnieke in assessering aan te wend.

Metodiek van Setswana 300 (JSW 300)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die doel van hierdie module, wat op JSW 200 volg, is om studente te help om verdere vaardighede te ontwikkel om skoolleerders te help om so doeltreffend moontlik op 'n meer akademiese vlak in Setswana te kommunikeer. Studente leer om benaderings tot leer en onderrig met mekaar te vergelyk; konsepte wat in UGO, die NKV en die KABV gebruik word te identifiseer en te onderskei; leer?en?onderrigmetodologieë en -tegnieke wat in die KABV vervat is op integrerende wyse te gebruik om lesse te beplan en voor te berei ten einde UGO te implementeer; KABV-assesseringmetodes, -instrumente en -tegnieke in assessering aan te wend.

Fisiese wetenskappe onderwys 310 (JPC 310)

Modulekrediete	12.00
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Toepassing van vektore in een en twee dimensies vir beweging en kragte.Newton se wette, Momentum, Arbeid en Energie, Golwe, Klank en Lig, Elektrostatika, Elektriese stroombane, Magnetisme, Elektromagnetisme, Elektrodinamika, Atoomstrukture, Chemiese binding, Chemiese reaksies, Stoichiometrie, Energie en Chemiese verandering, Reaksietempo, Chemiese ewewig, Elektrochemie, Ideale gasse, Eienskappe van materiale.

English 310 (ENG 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ENG 210, 220
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Engels
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Mediaeval and Renaissance literature
In this module students study the works of representative writers from Chaucer to Shakespeare and Milton. The general characteristics and techniques of these authors are discussed in relation to developments in aesthetic theory, generic conventions and socio-historical change.

Metodiek van Besigheidstudies 305 (JMD 305)

Modulekrediete	12.00
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding en beginsels wat spesifiek van toepassing is op die gebied van Besigheidstudies onderrig in Suid-Afrika; Beste praktyke, instruksionele ontwerp, assessering, en reflektiewe praktyk in Besigheidstudies onderwys.

Metodiek: Rekenaartoepassingstegnologie 300 (JMI 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.

isiZulu 310 (ZUL 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZUL 210, ZUL 220 word vereis vir studente wat ZUL 110, ZUL 120 op jaarvlak 1 voltooi het en ZUL 211, AFT 220 word vereis vir studente wat ZUL 111, AFT 121 op jaarvlak 1 voltooi het
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

isiZulu-grammatika - Capita Selecta Aspekte van die grammatika van isiZulu soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ‘n inleiding tot die klankveranderinge/fonologie van isiZulu. Die verwerwing, inoefening en inskerping van gevorderde kommunikatiewe vaardighede binne ‘n groter aantal sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Woordeskat en die aanleer en gebruik van gevorderde taalstrukture word verder uitgebrei. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Aandag word ook aan kulturele verskynsels gegee.

Metodiek van Lewensoriëntering en Liggaamlike Opvoeding 301 (JML 301)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die module bevat teoretiese sowel as praktiese komponente. Studente onderwysers word toegerus met kennis, vaardighede en ingesteldehede in die praktiese uitvoering van sportbestuur, organisering en bestuur in ‘n skoolomgewing en klaskamerbestuur en leierskap in die algemeen. Bestuursvaardighede en karaktereienskappe van die effektiewe Lewensoriënteringonderwyser word ook aangespreek. In die tweede semester word gefokus op klaskamerbestuur, differensiasie en assessering van die liggaamlike opvoedingsaktiwiteite en leeraktiwiteite vir verskillende ouderdomme

Afrikaans 321 (AFR 321)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	AFR 214 en AFR 220
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Module word in Afrikaans aangebied
Akademiese organisasie	Afrikaans
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Afrikaanse poësie
'n Keuse uit eietydse Nederlandstalige literatuur; analitiese teksondersoeke met aandag aan agtergrond- en resepsieaangeleenthede.
Die Afrikaanse drama word binne die breër konteks van die Afrikaanse letterkunde geplaas.

Kunsopvoeding 300 (JKG 300)

Modulekrediete	8.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Geskiedenis van kuns en teorie van visuele kuns word ondersoek. Die fokus word op Suid- Afrikaanse kuns geplaas, deur die bestudering van pioniers, insluitend kontemporêre neigings, style en tegnieke.Teoretiese raamwerke in die interpretasie, analise en evaluering van visuele kultuurstudies word ondersoek. Klem word op interaksie van beeld en teksevaluering en analise van visuele kuns geplaas.

Metodiek van Musiekopvoeding 300 (JMM 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

‘n Studie van die teoretiese en praktiese aspekte van koordirigering en verhoogproduksies. Dit bou verder op vorige kennis en vaardighede. Musiek dien as die primêre fokus, terwyl die ander kunsvorme ook geïntegreer word.

Metodiek van Wiskunde 300 (JMW 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding van onderrig in Wiskunde in alle fases en Wiskundige Geletterdheid in Suid-Afrika; instruksionele ontwerp; assessering en reflektiewe praktyk.

Invertebraatbiologie 251 (ZEN 251)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZEN 161 GS of TDH
Kontaktyd	4 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Dierkunde en Entomologie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Oorsprong en omvang van moderne invertebraatverskeidenheid; parasiete van die mens en huisdiere; biologie en mediese belangrikheid van die arachnide; insekgewoontes; die invloed van die omgewing op inseklewensiklusse; insekfitofagie, predasie en parasitisme; chemiese, visuele en ouditoriese kommunikasie by insekte; varswaterinvertebrate en hul gebruik as biologiese indikatore.

Metodiek van Fisiese wetenskappe 309 (JMN 309)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wetenskap-, Wisk en Tegnol Ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding en beginsels wat spesifiek van toepassing is op die gebied van Fisiese wetenskappe onderwys in Suid-Afrika. Beste praktyke, instruksionele ontwerp, assessering en reflektiewe praktyk in Fisiese wetenskap onderwys.

Afrikatale-literatuur: Capita selecta 320 (AFT 320)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	NDE 310/SEP 310/ZUL 310/STW 310
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Aspekte van die literatuur van isiNdebele/isiZulu/Sepedi/Setswana soos die kritiese analise van ‘n dramatiese werk en poësie (uitgesoekte gedigte).

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 312 (JMB 312)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	JMB 212 en JMB 222
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Effekte van oefening op die menslike liggaam vanuit ‘n fisiologiese perspektief, fisieke energiebronne. Oefen en fiksheidsfaktore en beginsels rondom gimnasiumpraktyk. Hersiening van die algemene bestuursbeginsels (jaarvlak 1-2); verbesondering van die juridiese beginsel van sport; die hantering van spanning en konflik in die domein van Sportbestuur.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 323 (JMB 323)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	JMB 213 en JMB 223
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Motoriese vaardighede in damesnetbal, mini-netbal en mansrugby. Motoriese vaardighede vir sagtebal, mini-tennis en tennis.

Voorligting en berading 301 (JVB 301)

Modulekrediete	40.00
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module poog om onderwysstudente te ondersteun in die ontwikkeling en praktiese toepassing van kennis en vaardighede wat verband hou met voorligting en berading binne die skool-konteks. JVB 301 bou op positiewe sielkunde beginsels en poog om studente toe te rus om in staat te wees om leerders in die onderskeie fases van die onderwyssisteem te begelei en aan hulle berading te verskaf. Die module spreek gedrags- en emosionele hindernisse tot leer en prestasie aan, asook studiemetode-begeleiding en loopbaanvoorligting. Vir elk van hierdie areas sal die fokus val op siftings- en identifikasieprosedures in terme van oorsake en eienskappe, klaskamer ondersteuning en bestuur, en riglyne ter ondersteuning van ouers. Die module sal onderwysstudente verder toerus met kennis oor die aard van voorligting en berading (insluitende beroepsvoorligting), spesifiek binne die leeromgewing. Die uiteindelike doel is om aan studente die geleentheid te bied om die kennis wat hulle opgedoen het tydens JVB 210 en JVB 220 prakties toe te pas in die klaskamer-konteks, deur aan leerders met gespesialiseerde behoeftes voorligting en berading te verskaf. Hierbenewens sal onderwysstudente die geleentheid kry om hulle kennis oor loopbaanteorieë en loopbaanvoorligting prakties toe te pas.

Natuurwetenskappe Onderwys 310 (JNS 310)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Energie en Verandering: Meganika, Gravitasie, Warmte, Elektrisiteit, Magnetisme Materie en Materiale: Atome, Elemente, Chemiese binding, Sure en Basisse, Redoks reaksies, Organiese chemie. Lewe en lewende dinge: Selle, Fotosintese, Respirasie, Genetika, Evolusie, Diversiteit, Mensbiologie, Ekosisteme.Die aarde en die ruimte: Samestelling van die aarde, Oppervlak van die aarde, Plaattektonika. Die son en die maan, Sterre.

Suid-Afrikaanse flora en plantegroei 251 (BOT 251)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	BOT 161 of TDH
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Plant- en Grondwetenskappe
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Oorsprong en affiniteit van Suid-Afrikaanse flora en plantegroeitipes; beginsels van plantgeografie; plantdiversiteit in Afrika Suider-Afrika; eienskappe, omgewings en plantegroei van Suid-Afrikaanse biomeen belangrike verwante ekologiese prosesse; sentrums van endemisme; skaars en bedreigde plantspesies; rooidatalyste; plantbewaring; bewaring van diversiteit en ekosisteembestuur; indringerbiologie; bewaringstatus van Suid-Afrikaanse plantegroeitipes

English 320 (ENG 320)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ENG 220
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Engels
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Augustan, Romantic and 19th-century literature
In this module students read a representative selection of 18th- and 19th-century texts in English. The general characteristics and techniques of these texts are discussed in relation to developments in aesthetic theory, generic conventions and socio-historical change.

Methodology of English 300 (JME 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

This module follows progressively on JME 200 and pays in-depth attention to the practical aspects of teaching and assessing expressive and receptive communicative skills in accordance with national policy documents. A sound understanding of lesson planning based on constructive alignment is evidenced by a comprehensive portfolio.

Metodiek van Kunsopvoeding 301 (JMK 301)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Die fokus van hierdie module is op dieper teoretiese en praktiese kennis en begrip van die vakinhoudelike in die visuele kunsdissipline. Klem word geplaas op effektiewe insameling, analise, organisering en kritiese evaluering van kontemporêre visuele kultuur, asook die kreatiewe proses soos bepaal deur die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklaring (KABV).

Musiekopvoeding 301 (JMO 301)

Modulekrediete	10.00
Kontaktyd	1 lesing per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Om voort te bou op vorige kennis van musiekteorie ten einde studente toe te rus met die kennis wat vir die modules in die daaropvolgende jaar benodig word.

isiNdebele 310 (NDE 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	NDE 210, AFT 220
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in IsiNdebele aangebied
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Aspekte van die grammatika van isiNdebele soos ‘n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ‘n inleiding tot die klankveranderinge / fonologie van isiNdebele.

Rekenaartoepassingstegnologie 340 (RTT 340)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	RTT 240

Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Rekenaargesteunde leer: Leerbestuursisteme, evaluering van onderrigtegnologie, evaluering van die effektiwiteit van tegnologie-integrasie. Etiek in die informasie-era, opkomende tegnologieë. Mobiele tegnologieë. Web tegnologieë.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 322 (JMB 322)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	JMB 212 en JMB 222
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die aard en wese van die dissipline, verskillende biomeganiese beginsels word bespreek soos balans, swaartepunt en bewegingswette. Meting en evaluering: tegnieke en die bepaling van veranderlikes: rekenkundige gemiddelde, standaardafwykings. Die basiese antropometriese metings en die verwerking daarvan.Die aard en wese van bemarking en die verbesondering hiervan tot sport; die sosiologiese gefundeerdheid van sport: ‘n omskrywing van die aard en wese.

Kuns: Prakties 301 (JKU 301)

Modulekrediete	32.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Tekenvaardigheid III Tradisionele en eksperimentele gebruik van tekenmedia. Inleiding tot die aard en rol van illustrasie, visualisering en uitdrukking van idees. Interpretasie van objekte, figure na visuele vorm, visuele abstraksie. Ondersoek van kreatiewe metodes. Konseptuele ontwikkeling en evaluering. Tradisionele en eksperimentele mediagebruik. Grafiese ontwerp III Ontwerp as visuele kommunikasie: gebruik van tipografie as uitdrukkingsmedia. Uitleg sisteme en strukture. Integrasie van beeld en teks in die ontwerp van briefhoofde, logo's en brosjures. Visuele analise en interpretasie. Studie van kontemporêre stylrigtings. Kennismaking met verpakking, bemarking en tekstielontwerp. Individuele ontwerpnavorsingsprojekte. Grafiese drukkuns III Bekendstelling van serigrafie as grafiese medium. Eksperimentele werk. Toepassing in plakkaat en uitnodigingskaartjies. Bestudering van toepaslike teorie aan die hand van studiehandleidings. Skildervaardigheid III Analise van vorm, struktuur en komposisie. Portret- en figuurskilder. Toepassing van formele en eksperimentele skildertegnieke. Eksperimentering met media: waterverf, tempera, akriel en gemengde media. Modelleer II Studie van drie-dimensionelevorm. Kombinasies van verskillende pottebakkerstegnieke. Dekoratiewe verf van eenhede – patrone. Keuse van twee van die volgende: Studie van hedendaagse stylrigtings en tegnieke met verwysing na spesifieke kunstenaars. Visuele interpretasie van konsepte, probleemoplossing en evaluering. Klem op komposisionele samestellings. Versorging, bespreking en evaluering van toepaslike uitstallings. Selfstandige werk. Museumbesoeke.

Lewensoriëntering 310 (JLO 310)

Modulekrediete	20.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

DHierdie module fokus eerstens op Menseregte, en word die verskillende beleidsdokumente soos die Grondwet, Kinderwet en Skolewet ondersoek as basis vir die hantering van onderwerpe soos boelie- en aggressiewe gedrag. Die module word hanteer vanuit 'n diverse konteks waar verskillende kulture, etniese groepe en taalgroepe gevind word.

Metodiek van Ekonomie 301 (JMD 301)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstud
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese begronding en beginsels wat spesifiek van toepassing is op die gebied van Ekonomie onderrig in Suid-Afrika; Beste praktyke, instruksionele ontwerp, assessering, en reflektiewe praktyk in Ekonomie onderwys.

Metodiek van Geografie 300 (JMG 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Intensiewe studie van die effektiewe gebruik van onderrigmedia, die vervaardiging van modelle, die verduideliking en onderrig van problematiese teoretiese en praktiese geografiese aspekte en begrippe, praktiese werk, die implementering van GIS in die onderrig van Geografie, die ontwerp van sinvolle klas- en huiswerkaktiwiteite, assessering, die kuns van lesaanbieding en die voorbereiding en aanbieding van mini-lesse met 'n duur van 18 minute.

Metodiek: Ingenieursgrafika en -ontwerp 304 (JMT 304)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese onderbou van Ingenieursgrafika en Ontwerp, en konsepte spesifiek vir Ingenieursgrafika en Ontwerp sal aangespreek word; die onderrig van Ingenieursgrafika en Ontwerp in Suid-Afrika sal ondersoek word; instruksionele ontwerp, evaluering en reflektiewe praktyk in Ingenieursgrafika en Ontwerp hanteer word; beste praktyk in die onderrig van Ingenieursgrafika en Ontwerp word ondersoek. Mikro-onderrig word hanteer.

Setswana 310 (STW 310)

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	STW 210, STW 220 sal vereis word van studente wat STW 110, STW 120 op jaarvlak 1 voltooi het en AFT 220, STW 211 sal vereis word van studente wat AFT 121, STW 111 op jaarvlak 1 voltooi het.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Afrikatale
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Setswana-grammatika – Capita selecta
Aspekte van die grammatika van Setswana, soos ’n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ’n inleiding tot die klankveranderinge/fonologie van Setswana. Die verwerwing, inoefening en inskerping van gevorderde kommunikatiewe vaardighede binne ’n groter aantal sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Woordeskat en die aanleer en gebruik van gevorderde taalstrukture word verder uitgebrei. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Aandag word ook aan kulturele verskynsels gegee.

Afrika-vertebrate 261 (ZEN 261)

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	ZEN 161 GS of TDH
Kontaktyd	1 praktiese sessie per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Dierkunde en Entomologie
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

Inleiding tot algemene vertebraatverskeidenheid; verskeidenheid van Afrika-vertebrate; vertebraatstruktuur en –funksie; evolusie van vertebrate; verwantskappe van vertebrate; akwatiese vertebrate; terrestriële ektoterme; terrestriële endoterme; vertebraatkenmerke; klassifikasie; strukturele aanpassings; gewoontes; habitatte; bewaringsprobleme; invloed van mense op ander vertebrate.

Ingenieursgrafika en ontwerp 330 (JTT 330)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	JTT 230
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module stel studente in staat om Ingenieursgrafika en ontwerp te verstaan en in die VOO-fase aan te bied. Die fokus is op vryhand- en CAD-tekenkonvensies gekontekstualiseer vir die Departement van Onderwys se kurrikulumvereistes vir Siviele tekenkonvensies. Perspektief tekeninge. Evaluering van tekeninge en foutopsporing. Praktiese toepassing van tegnieke.

Ingenieursgrafika en ontwerp 340 (JTT 340)

Modulekrediete	20.00

Voorvereistes	JTT 240
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module stel studente in staat om Ingenieursgrafika en Ontwerp te verstaan en in die VOO-fase aan te bied. Die fokus is op vryhand- en CAD-tekenkonvensies gekontekstualiseer vir die Departement van Onderwys se kurrikulumvereistes vir gevorderde Meganiese tekentegnieke en toepassing. Primêre en sekondêre vervaardigingsprosesse. Evaluering van tekeninge en foutopsporing. Praktiese toepassing van tegnieke.

Ontwerp en tegnologie 340 (JOT 340)

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 4 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module ontwikkel 'n begrip van ontwerp en ontwerpteorie. Dit fokus op probleemoplossing en die ontwikkeling van oplossings vir tegnologiese probleme. Twee kennis areas, naamlik meganiese en elektriese stelsels en beheer sal gedek word.

Lewensoriëntering 320 (JLO 320)

Modulekrediete	20.00
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Beroepsvoorligting sal die basis vorm van hierdie module en onderwysstudente sal toegerus word met vaardighede om leerders riglyne te gee om beroepskeuses te maak. Inheemse kennis (hoof godsdiensgroepe in Suid-Afrika) sal ook bespreek word.

Metodiek van Geskiedenis 300 (JMH 300)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Hierdie module het ten doel om studente toe te rus om die vak Geskiedenis, soos deur die NKV en die KABV voorgeskryf, suksesvol aan te bied. Studente bestudeer die teoretiese begronding van geskiedkundige geskrifte, inhoud van die syllabus en hoe om dit aan te spreek, en die vereistes van die eksamens in Geskiedenis. Studente moet onderrigaktiwiteite voorberei volgens die vereistes van die skoolsillabus sodat hulle voorbereid kan wees vir hulle rol as Geskiedenisonderwysers. Studente bied lesse aan deur middel van mikro-onderrig en pas relevante assessering en vraagstelling toe; bestudeer die gebruik van spotprente, pas kruiskurrikulering in lesbeplanning toe; stel 'n erfenisopdrag op; beplan en berei 'n Geskiedenisuitstappie voor; en pas kommunikasievaardighede toe in die onderrig van Geskiedenis.

Godsdiensstudies 310 (REL 310)

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Teologie Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Deel 1: Nadenke oor godsdiens Teorieë oor godsdiens; Godsdiens en ideologie; Sekularisme; Uniekheid; Leerstellige sake, ens. Deel 2: Aktuele sake Die verhouding tussen godsdiens en verskeie tematiese sake in die samelewing sal aangespreek word, soos: Godsdiens en samelewing; godsdiens en gender; godsdiens en ekonomie; godsdiens, politiek en die staat; godsdiens en die omgewing, ens.

Meetkunde 389 (WTW 389)

Modulekrediete	18.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	WTW 211
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Wiskunde en Toegepaste Wisk
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Aksiomatiese ontwikkeling van neutrale, Euklidiese en hiperboliese meetkunde. Gebruikmaking van modelle van meetkundes om aan te toon dat die parallel postulaat onafhanklik is van die ander Euklidiese postulate.

Metodiek van isiZulu 300 (JZL 300)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	1 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
